Die laaste drie en 'n half jaar van die Groot Verdrukking!

Open 16:3 En die tweede engel het sy skaal op die see uitgegooi, en dit **het bloed geword soos van 'n dooie**, en al die lewende wesens in die see het gesterwe.

Open 16:4 En die derde engel het sy skaal uitgegooi op die riviere en op die waterfonteine, en dit het bloed geword.

Predikers wat in die gehoor streel.

Ons kry huidiglik baie vleeslike predikers wat nie deur God geroep is nie. Vir hulle is dit 'n beroep en nie 'n roeping nie. Hulle vra hul gemeente waaroor hulle moet preek, en hoor nie meer by God nie.

2Tim 4:1 Ek besweer jou dan voor God en die Here Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk:

2Tim 4:2 verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering;

2Tim 4:3 **want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die** gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle **in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte** leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede,

2Tim 4:4 en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels.

2Tim 4:5 Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van 'n evangelis; vervul jou bediening.

Kussingprofete!

Jes 3:12 Die drywers van my volk is kinders, en vroue heers oor hulle. [vroueregte aan die orde van die dag] o My volk, jou leiers is verleiers, en die weg wat jou pad moes **wees, het hulle tot 'n dwaalweg gemaak.**

Esegiël het alleen gestaan teen al die valse profete van Israel. Hierdie profete wou niks te doen hê met die boodskap van regverdigheid en die komende oordeel nie. Nee, hulle het 'n tydperk van vrede, gemak en voorspoed voorspel.

In Esegiël 13 sien ons wat die Here sê omtrent profete en predikers wat die mense met sussende woorde tevrede stel - woorde wat kastig van die Here af kom. Hulle woorde is daarop gemik om die volk van God rustig te laat voel ten spyte van die komende oordeel.

Eseg 13:6 Hulle het nietigheid gesien en leuenagtige waarsêery, hulle wat daar sê: Die HERE het gespreek—terwyl die HERE hulle nie gestuur het nie; en dan wag hulle op vervulling van die woord!
Eseg 13:7 Het julle nie ‘n bedrieglike gesig gesien en leuenagtige waarsêery gespreek nie deurdat julle sê: Die HERE spreek, terwyl Ék nie gespreek het nie?
Eseg 13:8 Daarom, so spreek die Here HERE: Omdat julle valsheid gespreek en leuenagtige gesigte gesien het, daarom kyk, Ek het dit teen julle, spreek die Here HERE.
Eseg 13:10 Omdat, ja, omdat hulle my volk verlei het deur te sê: Vrede! terwyl daar geen vrede is nie; en as die volk ‘n muur bou, kyk, dan bepleister hulle dit met los kalk;
Eseg 13:11 sê vir hulle wat met los kalk pleister, dat dit sal afval; daar sal ‘n oorstromende stortreën kom; en julle, haelstene, sal val en ‘n stormwind sal losbreek.
Eseg 13:12 En kyk, daar val die muur! Sal dan nie vir julle gesê word: Waar is die pleister waarmee julle gepleister het nie?
Eseg 13:13 Daarom, so spreek die Here HERE: Ja, Ek **sal ‘n stormwind in my grimmigheid laat losbreek, en daar sal ‘n oorstromende stortreën kom in my** toorn en haelstene in grimmigheid tot vernietiging.
Eseg 13:14 En Ek sal die muur afbreek wat julle met los kalk gepleister het, en dit op die grond gooi, sodat sy fondament blootgelê sal word; dan sal die stad val, en julle sal daarin omkom; en julle sal weet dat Ek die HERE is.
Eseg 13:15 En Ek sal my grimmigheid laat uitwoed teen die muur en teen hulle wat dit met los kalk gepleister het; en Ek sal vir julle sê: Weg is die muur! En weg is hulle wat dit gepleister het,
Eseg 13:16 naamlik die profete van Israel wat profeteer aangaande Jerusalem en vir hom gesigte van vrede sien, terwyl daar geen vrede is nie, spreek die Here HERE.
Eseg 13:17 En jy, mensekind, rig jou aangesig teen die

dogters van jou volk wat as profetesse optree uit hulle eie hart, en profeteer teen hulle

Esegiël was geskok toe hy sien hoe die profete die kuns om God se kinders te sus, vervolmaak het. Die Here het daaroor gesê: "Mensekind, hierdie manne het hulle drekgode in hulle hart opgeneem en die struikelblok tot hulle ongeregtigheid voor hulle aangesig neergesit—sou Ek My dan werklik deur hulle laat raadpleeg? " Eseg 14:3

Jeremia, 'n ware profeet van God, het voor die huis van die Here gestaan en hardop uitgeroep: Jer 26:6 dan sal Ek hierdie huis maak soos Silo, en hierdie stad sal Ek maak ‘n vervloeking vir al die nasies van die aarde.
Jer 26:7 En die priesters en die profete en die hele volk het Jeremia hierdie woorde hoor spreek in die huis van die HERE.
Jer 26:8 En toe Jeremia klaar gespreek het, alles wat die HERE beveel het om aan die hele volk te sê, het die priesters en die profete en die hele volk hom gegryp en gesê: Jy moet sekerlik sterwe!
Hulle sou hom ook doodgemaak het, as die stamhoofde uit die koning se paleis hom nie uit hulle hande gered het nie.

In Jeremia 23 sien ons wat die Here sê van die valse profete:
Jer 23:11 Want profeet sowel as priester is goddeloos; selfs in my huis het Ek hulle boosheid gevind, spreek die HERE.
Jer 23:13 Ek het wel by die profete van Samaría aanstootlike dinge gesien: hulle profeteer deur Baäl en verlei my volk Israel;
Jer 23:14 maar by die profete van Jerusalem het Ek gesien wat afskuwelik is: hulle bedryf owerspel en gaan om met leuens, en hulle versterk die hande van die kwaaddoeners, sodat hulle hul nie bekeer elkeen van sy boosheid nie. Hulle het almal vir My geword soos Sodom, en sy inwoners soos Gomorra.

Jer 23:16 So sê die HERE van die leërskare: Luister nie na die woorde van die profete wat vir julle profeteer nie; hulle vervul julle met ydele verwagtinge; gesigte uit hul eie hart verkondig hulle, nie uit die mond van die HERE nie.

Jer 23:17 Hulle sê gedurig aan my veragters: Die HERE het gespreek: Julle sal vrede hê; en aan elkeen wat wandel in die verharding van sy hart, sê hulle: Geen onheil sal oor julle kom nie.

Jer 23:21 Ek het die profete nie gestuur nie, tog het hulle geloop; Ek het nie met hulle gespreek nie, tog het hulle geprofeteer.

Jer 23:22 Maar as hulle in my raad gestaan het, moet hulle my volk my woorde laat hoor en hulle terugbring van hul verkeerde weg en van die boosheid van hul handelinge. [Deur sonde te predik]

Jer 23:25 Ek het gehoor wat die profete sê, wat in my Naam vals profeteer met die woorde: Ek het gedroom, ek het gedroom!

Jer 23:26 Hoe lank nog? Is dit in die hart van die profete wat leuens profeteer en profete is van die bedrieëry van hulle hart—

Jer 23:31 Kyk, Ek het dit teen die profete, spreek die HERE, wat hulle eie tong gebruik en sê: Die HERE spreek!

Jer 23:32 Kyk, Ek het dit teen hulle wat leuenagtige drome profeteer, spreek die HERE, en dit rondvertel en my volk verlei met hulle leuens en hulle grootpratery, terwyl Ek hulle nie gestuur en aan hulle geen bevel gegee het nie, en hulle vir hierdie volk hoegenaamd geen voordeel bring nie, spreek die HERE.

Daardie kussingprofete is nog steeds by ons. Hulle praat oor die Woord van God en oor profesieë , en hulle geur hulle boodskappe mildelik met Skrifgedeeltes. Maar daar is valsheid in dìt wat hulle verkondig. Hulle preek nie oor die Kruis of oor heiligheid en afskeiding van die wêreld nie. Hulle stel geen eise aan hulle volgelinge nie. Hulle verafsku die

blote noem van pyn en lyding. Vir hulle is die helde van Hebreërs ongelowige papbroeke en pennielose verloorders wat te bang was om hulle regte op te eis.

Hulle begeerte is, net soos die Israelse kussingprofete, om luukse lewenswyses te bevorder en mense met gerustheid 'n gemaklike lewe te laat najaag. Dis geen wonder dat die skares so agter hulle aanloop om hulle boodskappe te hoor nie - dis mos pynloos!

Kussingprofete het die kerk van Laodiséa geskep.

Die profete van gemak, vrede en voorspoed, was verantwoordelik vir die kerk van Laodiséa waarvan ons in Openbaring 3 lees. Dit was 'n lou kerk wat gedurigdeur gepraat het van hulle toenemende rykdom en alles wat 'n mens se hart kan begeer.

Open 3:17 Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie.

'n Volk wat geen behoeftes meer het nie, 'n volk wat niks kortkom nie. Hulle was besig om met hulle monde rykdom en die einde van elke pyn en behoefte te eis.

Ons sien deesdae oral hierdie ryk, maar geestelike arm mense, wat net wil weet of jy voorspoedig is. Hulle vra nie of jy groei in die kennis van Christus nie. Ook nie of jy elke dag jou kruis opneem, jouself aflê en die aangesig van God soek nie. Hulle wil weet of jy op 'n punt gekom het waar jy niks kortkom nie.

Wat die seerste maak, is dat hierdie gelowiges wat so vasgevang is in die kultus van voorspoed, moeiliker bereik kan

word met boodskappe van oorgawe en opoffering aan Jesus Christus, as mense wat nog nooit van Hom gehoor het nie. Hulle leiers haal 'n stortvloed van Skrifgedeeltes aan om hulle argumente te "bewys," maar hulle haal net die seëninge uit die Skrif uit en nie die vloeke nie.

Hierdie kussingprofete verblind gelowiges - hulle maak hulle blind vir die noodsaaklikheid om die sonde en gemaksug uit hulle lewens te weer. Hulle spog dat voorspoed die boodskap van die laaste uur is. Daar is geen las, geen bloed, geen aflegging van die self, geen opoffering, geen opneem van die Kruis, geen uitroep teen verderflikheid en sonde nie. Daar is geen oproep om heiligheid en afskeiding van die wêreld nie; nie 'n dooie woord oor gebrokenheid, oortuiging, voorbidding, geen hartseer oor die verlorenes nie.

Die meeste van hulle klink na opregte manne wat die Bybel liefhet, maar die Here het vir Sy kinders onfeilbare toetse gegee om te bepaal wát waar en wát vals is. Ons moet elke man en elke boodskap meet aan die hele Woord van God.

Eienskappe van 'n Ware Profeet.

1. *Hy word oorheers deur 'n visioen van die Here Jesus Christus.(eseg 13 pleister nie met los kalk)*

Hy is só oorweldig daardeur en hy word só oorheers daardeur dat hy oor niks anders kan praat nie. Hy preek oor alle aspekte van God - soos dit op Christus betrekking het.

Moses: Heb 11:27 Deur die geloof het hy Egipte verlaat sonder om die toorn van die koning te vrees, want hy het volgehou soos een wat die Onsienlike sien.

Joh 8:56 Abraham, julle vader, het hom verheug dat hy my dag sou sien; en hy het dit gesien en het hom verbly.

Hand 7:55 Maar hy was vol van die Heilige Gees en het die oë na die hemel gehou en die heerlikheid van God gesien en Jesus wat staan aan die regterhand van God.

Heb 11:13 In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was.

Die een ding wat al hierdie manne van God in gemeen gehad het, was die allesoorheersende visioen van die Here Jesus Christus. Hy was die grootste en enigste dryfkrag in hulle lewens. Hulle het Hom deur die oë van die geloof gesien.

2. 'n Ware profeet van God verkondig die prysgee van eie belange en pas dit ook toe.

Hier onder volg 'n duidelike skets van 'n kussingprofeet. Hy dink net aan geld. (vergoeding = gars, brood) Sy behoefte aan geld word die middelpunt van sy bediening. Uiteindelik vertel hy leuens aan die kinders van God om geld in die hande te kry.

Eseg 13:19 En julle ontheilig My by my volk **vir 'n paar** hande vol gars en **vir 'n paar stukke brood** om siele dood te maak wat nie moes gesterf het nie, en om siele in die lewe te hou wat nie moes geleef het nie, deurdat julle my volk belieg wat na leuens luister.

Miga 3:11 Sy hoofde spreek vonnisse uit vir 'n geskenk, en sy priesters gee onderrig vir loon, en sy profete is waarsêers vir geld. Nogtans steun hulle op die HERE en sê: Is die HERE nie in ons midde nie? Geen onheil sal ons wedervaar nie!

Jesus se boodskap is pynlik duidelik:

Mat 16:24 Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg.

Dit klink vreemd om in hierdie tyd van gemak te praat van die prysgee van eie belange. Die kussingprofete het dit sonder meer verwerp.

Paulus het gesê: 1Kor 9:25 En elkeen wat aan 'n wedstryd deelneem, onthou hom in alles—húlle nogal om 'n verwelklike krans te ontvang, **maar ons 'n onverwelklike**.

1Kor 9:26 Ek hardloop dan soos een wat nie onseker is nie; ek slaan met die vuis soos een wat nie in die lug slaan nie.

1Kor 9:27 Maar ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar, dat ek nie miskien, terwyl ek vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie.

Ons dissiplineer nie ons liggame nie, en ons beheer ook nie ons begeertes nie. Sensuele televisieprogramme laat 'n drang na pornografie by Christene ontstaan. Selfs in die bediening is daar byna nie meer beheer oor wellus nie. Daar is selfs predikers wat ure lank na pornografiese rolprente en video's kyk, en spring van die een vrou na die ander.

Groot getalle van God se kinders, onder wie ook predikers wat die Evangelie verkondig, bring ure voor die TV-afgod deur. Ons word, soos Lot, besmet deur die dinge wat ons sien en hoor.

Christus soek na só 'n volkome oorgawe aan Hom, dat alles wat hinder uit die weg geruim word. Ons moet saam met Paulus kan sê: Gal 2:20 Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.

Ek moet alles wat my visioen van en my liefde vir Christus belemmer, afsterf. Eie planne, bitterheid, griewe, erkennings, ego??? Ek moet dit alles afsterf!!!

3. *'n Ware profeet van God praat sonder om doekies om te draai oor sonde, hy versag niks nie ese 23:22*

Eseg 16:2 Mensekind, maak aan Jerusalem sy gruwels bekend.

Jes 58:1 Roep uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou **stem soos 'n basuin!** En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes.

Ware profete, dié wat deur God gestuur word, wys die mense altyd op hulle sondes. Hulle grootste begeerte is om mense van die sonde af te laat wegdraai..... "maar julle wou nie luister nie....."

Jer 25:3 Vanaf die dertiende jaar van Josía, die seun van Amon, die koning van Juda, tot op hierdie dag—nou drie en twintig jaar lank—het die woord van die HERE tot my gekom; en ek het julle toegespreek, vroeg en laat, maar julle het nie geluister nie.

Jer 25:4 Ook het die HERE al sy knegte, die profete, na julle gestuur, vroeg en laat—maar julle het nie geluister of julle oor geneig om te hoor nie—

Jer 25:5 met die woorde: Bekeer julle tog elkeen van sy verkeerde weg en van die boosheid van julle handelinge, en woon in die land wat die HERE aan julle en julle vaders gegee het, van eeu tot eeu;

Jer 25:6 en loop nie agter ander gode aan om hulle te dien en julle voor hulle neer te buig nie, en terg My nie met die werk van julle hande nie, dat Ek julle geen kwaad aandoen nie.

Jer 25:7 Maar julle het na My nie geluister nie, spreek die HERE—om My te terg met die werk van julle hande, julle tot skade.

Elke prediker wat vrede en voorspoed verkondig, moet Jeremia se Klaagliedere goed bestudeer en dan berou hê omdat hy soveel dwaasheid verkondig het in plaas van 'n boodskap van bekering en heiligheid.

Dit is krimineel om aanhoudend oor sukses, voorspoed en materiele voorspoed te preek duskant die wederkoms van Jesus Christus en die komende oordeel. [Wat van Golgota?]

Ken u 'n man van God wat dapper en donderend teen die sonde praat? Hardloop dan na sy voete toe - luister na sy boodskap, want hy besit die waarheid wat u vry sal maak. Hy is die ware profeet van God en hy vervul al die ander profete met angs en bewing. Die kussingprofete verag hom, want hy wandel in die waarheid.

Soek na 'n Godsman wat Christus 'n werklikheid maak. Een wat u laat regop sit en u laat besef dat hy vir Jesus ken. Een wat sy vinger na u gesig sal wys, u sonde sal raaksien, en sal uitroep: "U is die man!" Hy is die een wat u waarlik liefhet en vir u siel omgee.

God het gesê dat ons jong manne in die laaste dae visioene sal sien. Nie van sukses, groot prestasies of voorspoed nie. Nee, daar sal net een visioen wees, en dit is van CHRISTUS!!!

Koerantberig

Rapport, 20 Jul 2008, berig van 'n spesifieke "Voorspoed Prediker" wat sowat 18,000 mense in die Coca Cola Dome in Randburg toegespreek het. Een van sy gassprekers het in 'n boodskap oor finansiële laste gesê 500 mense in die gehoor gaan 'n "spesiale seën" ontvang. Hy het gesê hierdie diens gaan binne 24 uur miljoenêrs en miljardêrs oplewer. Hy het gesê elkeen moet $1,000 (sowat R7,500) opoffer, want daar rus 'n besondere seën op $1,000 . Hy het die

mense veral aan die skarrel gehad toe hy gesê het dat hierdie seën net twee minute lank uitgestort sal word. Die prediker se mede pastore het glo kredietkaartmasjiene voor die gemeente gereed gehad waarmee hulle offergawes kon insamel. Na hierdie offergawe is daar ook nog algemene offergawes ingesamel. [Gesamentlik ongeveer R6,000,000]

Die Groot Verdrukking.

Die laaste drie en 'n half jaar van die sewe jaar verdrukking staan dan ook bekend as die 'Groot Verdrukking'. Die grimmigheid en toorn van God neem toe in die laaste drie en 'n half jaar. Nou word nie net een derde van die natuur getref, soos in die eerste drie en 'n half jaar van Openbaring 8 en 9 nie. God se toorn is voluit op die aarde gerig. Alle varswaterfontiene en riviere is bloed. Die see word ook heeltemal bloed.

Suid-Afrika beleef huidiglik alreeds 'n groot krisis met besmette vars water, wat pes en siektes laat toeneem. Met 'n huidige wêreld bevolking van 7miljard mense, en 'n populasie aanwas van 140 miljoen mense per jaar, raak varswater 'n al hoe groter probleem vir die mens vir oorlewing.

Deur die water in bloed te verander, wreek God die kosbare bloed van Sy Seun Jesus Christus, wat deur die bewoners van die aarde onder hulle voete vertrap is. Die eerste plaag van Egipte was dan ook vars water wat God in bloed verander het.

DOWE - ORE

Dat die wêreld na 'n krisis beweeg, is baie duidelik vir almal. Maar die uiteinde van die krisis is alleen bekend aan hulle wat die Lig van God besit deur Sy Woord. Baie gelowiges, asook baie van die sogenaamde Christelike leiers, ignoreer die

tekens van die tye, en die uiteindelike bedoeling soos weerspieël in die profesieë van die skrif. Christene, en veral jongmense, word verwar deur allerlei "valse" profete wat hulleself aanbied as manne van God wat buite die kerk leiding wil gee. Ander, met groot wêreldkennis, maar min skrifkennis, verwerp vandag die Bybel en sê ek verstaan dit tog nie.

Die merkwaardige ding is dat geestelike leiers van die wêreld moedswillig 'n dowe oor draai na die profetiese geroep. Die Stem van God wat spreek uit die profetiese Woord, dit hoor hulle nie. Hulle wil nie hoor nie, wil dit nie bestudeer nie en wil dit self nie lees nie, en elke persoon wat dit wel bestudeer, word beskou as 'n abnormale, ongeletterde, blinde fanatikus.

DIE LAASTE 3½ JAAR

Open 16:1 En ek het 'n groot stem uit die tempel aan die sewe engele hoor sê: Gaan gooi die skale van die grimmigheid van God op die aarde uit.

Die eerste engel

Open 16:2 Toe gaan die eerste een weg en gooi sy skaal op die aarde uit, en kwaai en bose swere het aan die mense gekom wat die merk van die dier (Antichris) gehad het en sy beeld aanbid het. (Openb. 13 - 666)

Die 6de plaag van Egipte was ook bose swere:

Exo 9:10 So het hulle dan roet uit die oond geneem en voor Farao gaan staan, en Moses het dit na die hemel uitgestrooi. Toe word dit swere wat uitbreek in blare aan mense en diere.

Die siekte wat die eerste engel op die aarde uitstort, sal sulke lyding veroorsaak dat kanker in vergelyking daarmee na 'n welkome verlossing sal lyk. Hierdie uitbreking van swere kan maklik veroorsaak word deur die geweldige radioaktie-

we besoedeling in die atmosfeer. Nadat Nagasaku en Hurosshima gebombardeer is, het duisende mense afsigtelike swere van die radioaktiwiteit gekry. Let egter daarop dat God op bonatuurlike wyse die 'verdrukkings gelowiges' teen hierdie plaag beskerm, net soos Hy gedoen het in die tyd van Moses, toe Hy Egipte met iets soortgelyk getref het.

Die tweede engel.

Open 16:3 En die tweede engel het sy skaal op die see uitgegooi, en dit het bloed geword soos van 'n dooie, en al die lewende wesens in die see het gesterwe.

Dink net aan die gevolge van die vernietiging van die seelewe! Dink daaraan hoeveel mense op voedsel uit die see staatmaak om te lewe. Die oordele van Openbaring word in afgemete toenemendheid vermeerder, maar nadat die mens nog altyd weier om hom tot God te keer, word al die sluise oopgemaak.

Azov sea in Russia turns blood red. 30-7-2012 You Tube

City of Varna, near the port of the Black. Water turns blood red. 15-1-2012.

Africa—water turns red.

Robindbul-lock.com

Die derde engel.

Open 16:4 En die derde engel het sy skaal uitgegooi op die riviere en op die waterfonteine, en dit het bloed geword.

Die eerste plaag van Egipte

Exo 7:19 Verder het die HERE met Moses gespreek: Sê vir Aäron: Neem jou staf en steek jou hand uit oor die waters van die Egiptenaars, oor hulle strome, hulle kanale, hulle waterkuile en oor al hulle versamelplekke van water, sodat dit bloed word: daar sal bloed in die hele Egipteland wees, ook in hout— en in klipbakke.

Open 16:5 En ek het die engel van die waters hoor sê: Regverdig, Here, is U wat is en wat was, U, die Heilige, omdat U hierdie oordeel uitgevoer het;

Open 16:6 want hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet, en U het aan hulle bloed gegee om te drink, want hulle het dit verdien.

Open 16:7 En ek het 'n ander een uit die altaar hoor sê: Ja, Here God, Almagtige, waaragtig en regverdig is u oordele.

Dit word baie erg as daar nêrens op aarde vars water is om te drink nie. Almal gaan storm on Coca-Cola© en Pepsi© en alle soorte drankies in bottels te koop, maar die voorraad sal nie veel meer as ses weke hou nie.

Gedurende hierdie verdrukkingstydperk van sewe jaar sal daar die wreedste en venynigste vervolging van gelowiges wees wat ons nog ooit gesien het.

Beirut River has mysteriously turned blood red.
Www.dailystar.com.lb

Mexico City's most famous fountain turned blood red.
28-5-2011
observers.france24.com

Blood-lake: The sinister red water stretches as far as the eye can see.
Capitalfm.co.ke

Blood red lake outside Iraq's Sadr City.
dailymail.co.uk

Aldeburg, Australia—crimson pond. au.news.yahoo.com

BLOOD RED RAIN fell in parts of Kannur, India on Thursday. 3-7-2012. weirdworldnews.org

Canadian Rockies water–fall turns blood red. news.travel.aol.com

Antarctic's Taylor Glasier. wfoster 2011.wordpress.com

Die grimmigheid en toorn van God !!!

Hierdie is alles waarskuwings en tekens van God aan die mens, en van SY komende toorn, grimmigheid en oordele.

Psa 119:120 My vlees sidder van skrik vir U, en ek vrees vir u oordele.

Nah 1:2 'n Jaloerse God **en 'n wreker** is die HERE, 'n wreker is die HERE, en vol grimmigheid; 'n wreker is die HERE vir sy teëstanders, en Hy behou die toorn teen sy vyande.

Nah 1:6 Wie sal standhou voor sy grimmigheid? En wie sal bestand wees teen die gloed van sy toorn? Sy gramskap word uitgegiet soos vuur, en die rotse word stukkend geruk voor Hom.

Open 6:17 want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?

Heb 10:31 Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God.

Heb 12:29 Want onse God is 'n verterende vuur.

Die wraak van GOD

GOD gaan die bloed van Sy SEUN, JESUS CHRISTUS, wat die mense onder hulle voete vertrap het, wreek op die bewoners van die aarde.

Heb 10:29 hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?

Heb 10:30 Want ons ken Hom wat gesê het: My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek die Here; en weer: Die Here sal sy volk oordeel.

God gaan die mens bloed gee om te drink.

Rev 16:4 En die derde engel het sy skaal uitgegooi op die riviere en op die waterfonteine, en dit het bloed geword.

Rev 16:6 want hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet, en U het aan hulle bloed gegee om te drink, want hulle het dit verdien.

Die tekens van die tye word nie onderskei nie.

Mat 16:2 Maar Hy antwoord en sê vir hulle: In die aand sê julle: Mooi weer, want die lug is rooi.
Mat 16:3 En in die môre: Stormweer vandag, want die lug is donkerrooi. Geveinsdes, julle weet wel om die voorkoms van die lug te onderskei, en kan julle nie die tekens van die tye onderskei nie?

2Pet 1:19 En ons het die profetiese woord wat baie vas **is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn,** totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte; [Amen, Amen, Amen !!!]

Die vierde engel

Open 16:8 En die vierde engel het sy skaal op die son uitgegooi, en daaraan is dit gegee om die mense met vuur te skroei.
Open 16:9 En die mense is geskroei met 'n groot hitte, en hulle het die Naam van God gelaster wat mag het oor hierdie plae, en hulle het hul nie bekeer om Hom heerlikheid te gee nie.

jes 30:26 En die lig van die maan sal wees soos die lig van die son, en die lig van die son sal sewevoudig wees, soos die lig van sewe dae, op die dag as die HERE die breuk van sy volk verbind en die wond gesond maak wat aan hulle geslaan is.
[Die hitte van die son sal dus sewe maal erger wees as normaalweg.] Huidiglik sterf reeds duisende mense a.g.v. hittegolwe.

Vernietiging van die osoonlaag wat op 'n volskaalse kernoorlog kan volg, sou vir alle lewe op die planeet rampspoedig wees.

Dit sal een van die ergste oordele wees wat die mens sal belewe, aangesien daar geen vars water sal wees om te drink en verligting te kry nie. Daarby is dit twyfelagtig of daar enige werkende lugverkoeling sal wees. Om die waarheid te sê, elektrisiteit sal feitlik onbekombaar wees. Let egter op, selfs na hierdie wrede oordeel, weier die mens nog altyd om hom te bekeer.

Die vyfde engel

Open 16:10 En die vyfde engel het sy skaal uitgegooi op die troon van die dier (Antichris), en sy koninkryk is verduister, en hulle het hul tonge gekou van pyn;

Die 9de plaag van Egipte:

Exo 10:22 Toe Moses sy hand uitsteek na die hemel, kom daar 'n dik duisternis in die hele Egipteland, drie dae lank.

Exo 10:23 Die een het die ander nie gesien nie, en niemand het van sy plek opgestaan nie, drie dae lank. Maar al die kinders van Israel het lig in hulle woonplekke gehad.

Die Antichris se koninkryk sal die godsdienstige sentrum van die wêreld wees. Hierdie goddelike oordeel sal 'n fisiese uitbeelding van hulle geestelike donkerte wees.

Open 16:11 en hulle het die God van die hemel gelaster oor hulle pyne en oor hulle swere, en het hulle nie bekeer van hul werke nie.

Die sesde engel.

Open 16:12 En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat, en sy water het opge-droog, sodat die pad van die konings wat van die ooste (China/ Japan - geel nasies) af kom, reggemaak kon word. [vir Armageddon/Derde wêreldoorlog.]

Open 16:13 En ek het uit die bek van die draak (Satan) en uit die bek van die dier (Antichris) en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom. (Paddas is simbolies van onreine geeste/

demone.)

Paddas was die 2de plaag van Egipte:

Exo 8:2 En as jy weier om hulle te laat trek, Kyk, dan sal Ek jou hele grondgebied met paddas teister,

Exo 8:3 sodat die Nyl van paddas sal wemel. En hulle sal opklim en in jou huis kom en in jou slaapkamer en op jou bed; ook in die huis van jou dienaars en onder jou volk, en in jou bakoonde en in jou bakskottels.

Exo 8:4 En die paddas sal teen jou en teen jou volk en teen al jou dienaars opspring.

Die sesde skaal is 'n skrikwekkende voortsetting van die oordeel van die sesde basuin wat in hoofstuk 9 aangeteken is. Die sesde basuin het aangekondig dat die enorme massas van Asië gemobiliseer word om na die Midde-Ooste op te trek onder dekking van wat na 'n beperkte kernaanval lyk. In hierdie huidige situasie van die sesde skaal het die vreesaanjaende leër van sowat 200 miljoen Asiate die oewers van die Eufraat, die oeroue grens tussen die Ooste en Weste bereik.

Hoe gaan hierdie groot leër die magtige Eufraat oorsteek? Selfs 'n veel kleiner besettingsmag sou dit nie kon doen tot onge-veer 1990 nie. Dit was eers onlangs dat Turkye die werk aan 'n damprojek voltooi het wat hulle letterlik toelaat om die boloop van die Eufraat enige tyd af te sluit. Hulle kan die magtige Eufraat in 'n blote stroompie verander - iets wat spanning laat ontstaan tussen Ankara, die Turkse hoofstad en Damaskus, wat baie op die water staatmaak.

Open 16:14 Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God.

Open 16:15 Kyk, Ek kom soos ‘n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie.

Open 16:21 en groot hael, **omtrent ‘n talent swaar (60 Kg**

haelstene), het uit die hemel op die mense geval; en die mense het God gelaster oor die plaag van die hael, omdat sy plaag ontsettend groot was.

SKATKAMERS VAN HAEL

Job 38:22 Het jy gekom by die skatkamers van die sneeu? En het jy die skatkamers van die hael gesien,
Job 38:23 wat Ek opgespaar het vir die tyd van benoudheid, vir die dag van stryd en oorlog?

Die derde wêreldoorlog.

Open 16:16 En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armagéddon. (Derde wêreldoorlog aan einde van 7 jaar verdrukking.)
Open 16:17 En die sewende engel het sy skaal uitgegooi in die lug, en 'n groot stem het uit die tempel van die hemel gekom, van die troon af, wat gesê het: Dit is verby!
Open 16:18 En daar het stemme gekom en donderslae en **bliksemstrale, en daar het 'n groot aardbewing gekom** soos daar nog nie gewees het vandat die **mense op die aarde was nie so 'n geweldige groot** aardbewing.
Open 16:19 En die groot stad is in drie dele verdeel, en die stede van die nasies het geval. En die groot Babilon (Baälse ideologie; liberalisme, gelykmakingsproses - alle nasies, stamme, diere, godsdienste, ens.) is in gedagtenis gebring voor God, om haar te gee die beker met die wyn van die grimmigheid van sy toorn.
Open 16:20 En alle eilande het gevlug, en berge is daar nie gevind nie;

In die eerste 3½ jaar word net 'n derde van alles getref, maar soos die grimmigheid van God vermeerder namate die tyd verloop, word alles voluit getref.

Ons moet nie die fout maak om te dink dat die Satan en sy hand-

langers die enigste sal wees wat groot benoudheid sal veroorsaak nie. Die Here self sal Sy hand ten kwade uitstrek oor die goddelose aardbewoners. Dit is teen Hom wat hulle gesondig het, en oor hulle sal Sy toornbekers uitgegiet word. Die dag van die Groot Verdrukking is immers "die groot dag van Sy toorn" (Open 6:17) Die Here God sal in toorn strafgerig hou.

Jes 13:9 Kyk, die dag van die HERE kom, verskriklik, met grimmigheid en toorngloed, om die aarde 'n woesteny te maak en sy sondaars daaruit te verdelg.

Joel 1:15 Ag, die dag! Want naby is die dag van die HERE, en hy kom soos 'n verwoesting van die Almagtige.

Joel 2:11 En die HERE verhef sy stem voor sy leërmag uit; want geweldig groot is sy leër, ja, magtig die uitvoerder van sy woord. Want die dag van die HERE is groot en uitermate vreeslik, en wie kan dit verdra?

Joe 3:14 Menigtes, menigtes in die dal van beslissing, want naby is die dag van die HERE in die dal van beslissing!

DIT IS HOE DIE ANDERKANT VAN ONS LIEFDEVOLLE GOD LYK!!!

Open 6:17 want die groot dag van Sy (God se) toorn het gekom, en wie kan bestaan?

Psa 119:120 My vlees sidder van skrik vir U, en ek vrees vir u oordele

Spr 1:24 Omdat Ek geroep en julle geweier het, Ek my hand uitgestrek en niemand geluister het nie,

Spr 1:25 en julle al My raad nie opgevolg en van My teregwysing nie wou geweet het nie,

Spr 1:26 daarom sal Ek ook lag by julle ondergang, Ek sal spot as julle verskrikking kom;

Spr 1:27 as julle verskrikking kom soos 'n onweer, en julle **ondergang soos 'n stormwind** aankom, as benoudheid en angs julle oorval.

Spr 1:28 Dan sal hulle na My roep, maar Ek sal nie antwoord nie; hulle sal My soek, maar My nie vind nie.

Spr 1:29 Omdat hulle die kennis gehaat en die vrees van die HERE nie verkies het nie,
Spr 1:30 van My raad nie wou weet nie, al My teregwysinge verag het,
Spr 1:31 daarom sal hulle eet van die vrug van hulle wandel en versadig word van hulle planne.

Spr 1:33 maar die wat na My luister, sal veilig woon en gerus wees teen die skrik vir die onheil.

Spr 3:34 As dit spotters betref, spot Hy, maar aan die ootmoediges gee Hy genade.

Luk 21:26 en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word.

DAAR IS ONTVLUGTING VIR GOD SE TOORN !!

Luk 21:36 Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan.

1Th 1:10 ....., Jesus wat ons van die toekomstige toorn verlos.

1Th 5:9 Want God het ons nie bestem tot toorn nie, ...

Die vreeslikste ding wat 'n mens kan oorkom, is om te dink jy is gered, en te laat, te ontdek jy is verlore.

KRY USELF IN PARAATHEID !!!

Amos 4:12 .....—maak jou klaar om jou God te ontmoet, o MENS !

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

Tussen die hemel en die hel is daar 'n kloof—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die hemel en die aarde is daar ook 'n kloof—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die bloed van Jesus Christus. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12 ...maak jou klaar om jou God te **ontmoet,.. opb 22:20 (b)"ja EK kom gou"!!!**

Saamgestel deur: Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(o44) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!

As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom,** het jy alles verloor.